

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die ondersoek tematies saamgevat voordat enkele afleidings gemaak word.

Die hoofrubrieke van die hoofstuk is:

- 'n algemene inleiding oor die posisie van Duits in Pretoria
- tematiese samevatting van die resultate asook 'n evaluering van die mate waarin doelwitte bereik is
- afleidings oor die resultate wat behaal is en die implikasies daarvan
- enkele opmerkings oor Duits in en buite Suid-Afrika
- algemene opmerkings oor die toekoms van Duits in Pretoria

6.1 INLEIDING

In Pretoria vorm die Duitssprekendes 'n minderheidstaalgroep wat oor die hele stad versprei woon en op alle lewensterreine deur veral die twee amptelike landstale en dié se ondersteunende kulture beïnvloed word. Hierdie Duitssprekendes, wat dikwels gevestigde inwoners van Pretoria is, is meertalig en gebruik Afrikaans en Engels gereeld. Uitdrukkings uit die twee landstale word in hul Duitse woordeskat opgeneem en, in uiterste gevalle, word hulle kommunikasievermoë in Duits in sommige gevalle nadelig beïnvloed.

Die hoofdoelwit met die ondersoek was om te bepaal hoe die kontak tussen Duits, Afrikaans en Engels, en die gevolglike oorskakeling van die een taal na 'n ander, die Duits van die ondersoekgroep veral op woordeskatgebied beïnvloed.

'n Verdere doelwit was om taalkeuses in verskeie taalkontak-situasies asook die keuse van bepaalde leksikale items wanneer Duits gepraat word sosiolinguisties te beskryf en te verklaar.

Die belangrikste werkshipotese vir die ondersoek was dat Pretoria-Duits nog, ten spyte van langdurige en dikwels intensiewe kontak met veral Afrikaans en Engels en die gevolglike linguistiese onsekerheid wat dit by

Duitssprekendes veroorsaak, steeds in die geheel gesien as 'n vorm van Standaardduits beskou kan word. Hierdie hipotese het hoofsaaklik op die ondersoekgroep se Duitse woordeskat betrekking.

Die ondersoekgroep wat vir die beskrywing van Pretoria-Duits gekies is, is almal oud-leerlinge van die Deutsche Schule Pretoria, was tydens die ondersoek (1979) tussen 27 en 42 jaar oud en was in vele opsigte verteenwoordigend van die Duitse gemeenskap in Pretoria : middel- tot hoërklas inwoners van meesal goeie dele van die stad; meesal in die tweede tot derde geslag in Suid-Afrika; meesal betrokke by Duitse kulturele aktiwiteite en het gereeld kontak met ander taal- en kultuurgroepe. Die meeste respondente is protestante, is dikwels met mekaar verwant en is ook meesal Suid-Afrikaanse burgers. Hieruit kan twee belangrike kenmerke van dié groep geïdentifiseer word:

- i) Hulle vorm 'n duidelik identifiseerbare subgroep met hegte sosiale en familiebande. Daar sou dus verwag kon word dat hul taal hierdie eenheid sal reflekteer, d.w.s. dat dit relatief homogeen sal wees.
- ii) Hulle sien hulself as Suid-Afrikaners en dus sal hulle tipies Suid-Afrikaanse gebruike aanneem. Hul taal sal gevolglik ook heelwat invloed van die twee ampstale vertoon.

Al die oud-leerlinge in die besondere groep, nl. 98, wat gedurende die ondersoek nog in Pretoria gewoon het, kon bereik word en 65 persone se gegewens wat met die hulp van 'n sosiolinguistiese vraelys (SLF) en 'n linguistiese vraelys (LFB) ingewin is, kon verder gebruik word. Die 65 segsmanne verteenwoordig ongeveer 1,5% van al die Duitssprekendes in Pretoria en ongeveer ewe veel manlike en vroulike respondente het aan die ondersoek deelgeneem.

6.2 SAMEVATTING VAN RESULTATE

6.2.1 Algemeen

Die samevatting behels in breë trekke die volgende:

- sosiale strukture en aktiwiteite wat die handhawing van Duits ondersteun
- houdings en waardeoordele met betrekking tot die drie kontaktale
- oorwegende tipe meertaligheid in Pretoria, diglossie-situasies en taaldominansie
- ontlenings uit Afrikaans en Engels
- tipologisering van tussentalige interferensies

- vir evaluering van doelwitbereiking en geldigheid van die aannames.

6.2.2 Sosiale strukture en aktiwiteite wat die handhawing van Duits ondersteun

'n Belangrike probleem vir 'n minderheidstaalgroep soos die Pretoria-Duitsers is die handhawing en uitbouing van die betrokke taal en kultuur in 'n vreemde land waar selfs taalkeuse kultuurkonkurrensie impliseer.

'n Algemene waarneming in die Sociolinguistiek is ook dat 'n taal slegs gehandhaaf kan word as daar 'n ondersteunende milieu bestaan.

Vervolgens sal faktore aangebied word wat enersyds bevorderlik is vir die handhawing van Duits en wat andersyds akkulturasie ondersteun.

Die faktore wat die handhawing van Duits bevorder, is: die drie kerke waarin Duits die hoofkanseltaal is; nie-kerklike verenigings en die Duitse Klub wat saam met die Duitssprekende families en die Skool ten opsigte van Duits 'n belangegemeenskap vorm.

- die moderne inligtingsamelewing en die tegnologie steun sterk op veral Engels as draer van inligting

Vir die handhawing van Duits word drie vereistes aan die Pretoria-Duitsers gestel: eerstens moet daar 'n wil wees om die taal en kultuur te handhaaf (daarmee saam gaan die beoefening van die kultuur en die verdediging daarvan teen ander kultuurinvloede), tweedens moet hulle die sin of betekenis daarvan insien en derdens moet daar samewerking onder die inwoners wees om die taal en die kultuur te ver-ryk.

In die algemeen voldoen die ondersoekgroep aan hierdie vereistes, maar akkulturasie vind nogtans plaas.

Onder die faktore wat akkulturasie bevorder, tel die volgende:

- slegs sowat 0,7% van die totale blanke bevolking van Pretoria is Duitssprekend (1980 sensus; 5% steekproef) te handhaaf. Die Duitssprekendes neem self die inisiatief om die Duitssprekendes beskik nie oor plaaslike massamedia wat Duits ondersteun nie.
- die moderne inligtingsamelewing en die tegnologie steun sterk op veral Engels as draer van inligting

- 2. in teenstelling met Duitse nedersettings of taaleilande woon die onderzoekgroep nie van ander taalgroepe geïsoleerd nie, maar wel oor die hele stad versprei is.
- 3. die ondersoekgroep se sosiale netwerke is nie, taalkundig gesproke, homogeen nie en veral in die tersiêre opleiding en beroepsbeoefening is taalintegrasie sterk aanwesig.
- 4. huwelike met lede van ander taal- en kultuurgroepe bevorder die akkulturasieproses reeds in die huislike kring.

Ten spyte van redelike sterk identifikasie met Suid-Afrika en die daarmee gepaardgaande lojaliteite jeens die land en sy mense, is daar tog duidelike tekens van 'n onafhanklike Duitse kultuur en selfstandige optrede om Duitse tradisies te handhaaf. Die Duitssprekendes neem self die inisiatief om hul kultuur in stand te hou en probleme op te los. Voorbeelde daarvan is 'n eie Skool, kerke, besighede en reëlings vir vryetydsbesteding.

Ten spyte van redelike sterk identifikasie met Suid-Afrika en die daarmee gepaardgaande lojaliteite jeens die land en sy mense, is daar tog duidelike tekens van 'n onafhanklike Duitse kultuur en selfstandige optrede om Duitse tradisies te handhaaf. Die Duitssprekendes neem self die inisiatief om hul kultuur in stand te hou en probleme op te los. Voorbeelde daarvan is 'n eie Skool, kerke, besighede en reëlings vir vryetydsbesteding.

6.2.3: Houdings en waardeoordele

Die verskynsel dat die Duitssprekendes self strukture in Pretoria geskep het om hul taal en kultuur in stand te hou, impliseer 'n positiewe ingesteldheid jeens gebruike wat uit Europa saamgebring is.

Wat die status van die drie kontaktale betref, heg die Gp groot waarde aan die vermoë om dié drie tale te kan gebruik. Omdat gebruiksfunksies die status van 'n taal help bepaal, en veral Duits beperkte funksies in Pretoria het, heg die meeste Gp die grootste literêr-kulturele waarde aan Engels, gevolg deur Afrikaans. Byna die helfte van die Gp meen ook dat Duits 'n verouderde kommunikasiemedium in Pretoria is - dus 'n taal waarvan die toekomstige funksies bevaagteken kan word.

Vir die voortbestaan van Duits in Pretoria is dit ook belangrik hoe die Gp hul Duits beoordeel. 'n Klein meerderheid (37 uit 'n totaal van 65) segsmanne beskou hul Duits as Standaardduits, in teenstelling met 'n vorm van Duits wat by plaaslike omstandighede aangepas is, naamlik Pretoria-Duits of 'n südafrikanisches Siedlerdeutsch. Veral die vroulike Gp beskou hul Duits as Standaardduits (68% teenoor 30% mans).

Verder is daar nie 'n beduidende meerderheid Gp wat meen dat Standaardduits meer prestige aan hulle in Duitssprekende kringe verleen as 'n plaaslike variëteit van Duits nie. Daar kan dus nie sonder meer gesê word dat Pretoria-Duits gestigmatiseer is nie. Trouens, daar kan verwag word dat Pretoria-Duits juis help om ander Duitssprekendes as sodanig te identifiseer.

'n Groot meerderheid Gp heg egter waarde aan Standaardduits, en ongeveer dieselfde hoeveelheid het aangedui dat hulle hulle Duits wil verbeter. Veral die vroulike Gp heg groot waarde aan 'n standaardvorm van Duits.

Wat taalsuiwerheid betref, het 'n groot meerderheid lede van die ondersoekgroep aangedui dat hul Duits dikwels met woorde of ander uitdrukkings uit die twee kontaktale vermeng word. Daar is ook nie 'n beduidende meerderheid Gp wat beswaar maak as ander Duitssprekendes hul Duits met uitdrukkings uit die twee kontaktale vermeng nie.

Die Gp se taallojaliteit kom na vore in uitsprake dat hulle hul Duits wil verbeter, hulle Duitse woordeboeke besit en dat hulle hulle kinders na die Deutsche Schule gestuur het of stuur. Hulle wil ook hê dat hulle kinders Duits naas Afrikaans en Engels (asook 'n Afrikataal) in die skool moet leer.

uitbereiking.

Op taalpolitiese terrein het dit geblyk dat die meeste Gp tevrede met die taalbeleid in die land is, naamlik dat Afrikaans en Engels die twee amptelike landstale is. 'n Klein meerderheid Gp het aangedui dat hulle Duits of 'n Afrikataal as 'n derde amptelike taal sal verkies. Hierdie uitsprake is 'n aanduiding dat die meerderheid respondente hulleself as Suid-Afrikaners beskou, ten spyte van hul Duitse agtergrond.

6.2.4 Funksies van die drie kontaktale

'n Algemene aanname in die Sosiolinguistiek is dat taalgebruik en taalkeuse 'n funksie of resultaat is van taalhoudings. As die Gp in die algemeen 'n redelik positiewe ingesteldheid teenoor die twee amptelike landstale toon, is een implikasie daarvan dat hulle bereid sal wees om dit aan te leer en ook om dit aktief te gebruik.

'n Tweede aanname is dat taalbeïnvloeding ook 'n funksie van taalhoudings is - die taal van 'n laestatus groep het selde 'n beduidende invloed op die taal van die betrokke gemeenskap.

Afgesien van die Gp se houdings oor die kontaktale is hul taalkeuse in verskeie situasies op pragmatiese oorwegings gegrond en is hul taalvoorkeure instrumenteel in hul doelwitbereiking.

Die bevindinge in Hoofstuk 3 het ook aangetoon dat die drie tale eerder komplementêr as dupliserend optree wat die gebruik daarvan deur die Gp in Pretoria betref. Die bevindinge het egter ook aangetoon dat Duits 'n beperkte lek in Pretoria is. Dit is ook die mees gewenste tipe meertaligheid.

Wat dominansie in bepaalde domeine betref, het dit geblyk dat Duits veral in die huislike kring en onder vriende die belangrikste kommunikasiemedium is - dus vir meer intieme, persoonlike transaksies. Op kerklike terrein het Duits ook vir die Gp die grootste gebruikswaarde. Afrikaans domineer weer in kommunikasie met die openbare dienste soos met die Poskantoor, Vervoerdienste en die SA Weermag. Engels was die belangrikste taal in die handel en nywerheid, in die massamedia en ook vir die oordrag van wetenskaplike en tegniese inligting.

Wanneer die lede van 'n gemeenskap verskeie tale beheers en hierdie tale in verskeie funksionele domeine gebruik word, is daar van diglossie sprake. Duitssprekendes in Pretoria bevind hul meesal in 'n triglossie-situasie.

Volgens die diglossie-benadering tot taalkontakstudies blyk dit dat veral Duits, en in 'n mindere mate Afrikaans, in sommige gevalle die laer funksies vervul, terwyl veral Engels in bepaalde domeine die hoër funksies in die kommunikasieproses vervul.

Wat die tipe meertaligheid onder die lede van die onder-
soekgroep betref, blyk dit in die algemeen 'n newegeskikte
of dan 'n gekoördineerde tipe te wees: verskillende tale
word in verskillende situasies vir verskillende doeleindes
aangewend. Dit is ook die mees gewenste tipe meertaligheid.

Ook streeksmeertaligheid is by die Gp aanwesig, omdat Duits
in 'n Suid-Afrikaanse omgewing gebruik word waar ander tale
domineer. Die Gp gebruik dus natuurlike, aktiewe tipes
meertaligheid wat eie en nuwe taalvariëteite sal kan
genereer.

6.2.5 Leksikale ontlenings uit Afrikaans en Engels

Leksikale variasie het in hierdie ondersoek gedien as voor-
beeld van taalvariasie. Dit beteken dat die Pretoria-
Duitser se Duitse taalgebruik òf Standaardduitse variante òf
Suid-Afrikaanse variante (in die vorm van ontlenings in die
woordeskat) sal vertoon.

Die volgende algemene waarnemings het met die ondersoek na
vore gekom:

- baie min ontlenings het op kerklike terrein voorgekom
(vgl. die dominansie van Duits in dié lewensfeer;
Hoofstuk 3)

- die meer samestellings as afleidings is opgeteken
- min leenskappings, maar vele leenvertalings is aangebied
- vroulike Gp het minder ontlenings as mans getoon - veral wat modewoorde en kragwoorde betref.

Afrikaanse ontlenings hou in die algemeen verband met plaaslike, kultuurspesifieke aangeleenthede soos vleisbraai en ander inheemse gebruike asook omstandighede in die land (diensplig ens.).

Ontlenings uit Afrikaans word meesal op Duits uitgespreek en dit is ook morfologies goed met die Duitse taalsisteem as leenwoorde geïntegreer. Komposita lyk dikwels na twee Duitse stamme wat volgens Afrikaanse woordvormingspatrone saamgevoeg is.

Engelse ontlenings hou in die algemeen verband met begrippe in die handel en die nywerheid en in die wetenskap en die tegnologie. Modewoorde en uitdrukkings wat met sosiale prestige verband hou, het redelik frekwent voorgekom.

Ontlenings uit Engels word meesal op Engels uitgespreek en word as (Engelse) vreemde woorde behou.

Dié vreemde woorde word dus nie in die Duitse taalsisteem geïntegreer nie. In mengwoorde is die kern (die regssegment) gewoonlik die Duitse en die bepaler (die linkssegment) die Engelse lekseem.

Vir die oorsake van leksikale items uit die twee kontaktale in Duits is daar verskeie redes. Daaronder tel:

- die ekonomiese faktore en die rol wat reklame in die massamedia speel - vgl. die herhaling van (Engelse) trefwoorde en handelsname deur radio en televisie
- die trefkrag en die konnotasies wat vreemde en leenwoorde het
- die vul van leksikale gapings om nuwe en plaaslike begrippe te benoem
- wintlenings en interferensie dui op die graad van akkulturasie en ook op identifisering met bepaalde groepe.

Afgesien van betekenisverandering, bv. waa: rinkelike adjektiewe soos lang en kort soos groot en klein gebruik word, het die werkwoord nehm en se betekenis verloor en ander werkwoorde soos einschlagen (einen zäheren Weg -), danern (wie lange wird es - bis ...) en machen (ein Foto -) te verdring.

6.2.6 Interferensies : tipologie en spektrum

Die aanname dat kontaktalige interferensies in alle linguistiese kategorieë van Duits sal voorkom, is met die ondersoek bevestig - vgl. die interferensie-klassifikasie in afdeling 5.4 waarin reduksie-, maar veral substitusie- en addisie-interferensies gelys is.

Binne hierdie breë kategorieë is alle tipes interferensies aangetref.

Op die mikrovlak (d.w.s. op woordvlak en ten opsigte van bousels kleiner as die woord) is invloede op foneme (*Behäusung* i.p.v. *Behausung*); op gebonde morfeme (*anbefehlen* i.p.v. *empfehlen*) en op vrye morfeme of lekseme (bv. in samestellings soos *Selbstrespekt* i.p.v. *Selbstachtung*) beskryf.

Op woordvlak is daar na die semantiese aspekte van taalbeïnvloeding gekyk.

Afgesien van betekenisverandering, bv. waar ruimtelike adjektiewe soos *lang* en *kurz* soos *gross* en *klein* gebruik word, het die werkwoord *nehmen* se betekenis verruim om ander werkwoorde soos *einschlagen* (einen anderen Weg -), *dauern* (wie lange wird es - bis ...) en *machen* (ein Foto -) te verdring.

As gevolg van kontak met veral Afrikaans en Engels word woorde soos *ausgeschlafen*, *zuspitzen* en *Wellblech* in 'n oordragtlike sin gebruik: onder invloed van die Afrikaanse woord uitgeslape word die woord *ausgeschlafen* gebruik soos *gerissen* of *gewitzigt* in Standaardduits.

Op die makrovlak is Duitse vaste uitdrukkings en idioome ook deur die kontaktale beïnvloed: *Mitteilung an Autofahrer* : Mit diesem Benzin sind Sie besser ab, i.p.v. Mit diesem Benzin fahren Sie besser soos Eng. you will be better off with

6.2.7 Evaluering van resultate

a. Doelwitbereiking

Die hoofdoel met die ondersoek, naamlik om te bepaal hoe die kontak tussen Duits, Afrikaans en Engels die Duits van die ondersoekgroep veral op woordeskatgebied beïnvloed, is bereik : vgl. veral die resultate in Hoofstukke 4 en 5.

'n Verdere doelwit, naamlik om taalkeuses en die daarmee gepaardgaande kodewisseling asook die keuses van bepaalde leksikale items sosiolinguisties te beskryf en te verklaar, is ook bereik : vgl. die resul-

tate in hoofstukke 3, 4 en 5 (die kousale verband tussen bepaalde sosiale kragte en taalvariasie in Pretoria-Duits sal in afdeling 6.3 beskryf word).

Die doelwitte met die individuele hoofstukke is soos volg bereik:

Hoofstuk 2: Die doelwit om te bepaal welke instansies in Pretoria bevorderlik is vir die handhawing en uitbouing van die Duitse taal en kultuur is bereik (vgl. afdeling 6.2.2 hierbo); so ook die doelwit om die sosiolinguistiese omstandighede in verband met die Gp te bepaal (vgl. onder andere die houdingsuitsprake in afdeling 6.2.3 en die sosiale strukture in 6.1 en 6.2.2).

Hoofstuk 3 se doelwit was om te beskryf wat die aard en omvang van die onderzoekgroep se kontak met Afrikaans en Engels op bepaalde lewensterreine is, en om te beskryf watter kommunikasiefunksies Duits naas Afrikaans en Engels in Pretoria vervul. Hierdie doelwit is ook in 'n hoë mate bereik - vgl. afdeling 6.2.4.

In Hoofstuk 4 was dit die doelwit om te beskryf wat die invloed van Afrikaans en Engels op die onderzoekgroep se Duitse woordeskat is, en om sosiolinguistiese verklarings vir die bevindinge te gee. Hierdie doelwit is ook in 'n hoë mate bereik - vgl. afdeling 6.2.5.

Met Hoofstuk 5 was dit die doelwit om die interferensies in Duits wat as gevolg van Afrikaanse en Engelse invloed ontstaan het, volgens taalkundige beginsels in te deel. Ook hierdie doelwit is bereik - vgl. afdeling 6.2.6.

b. Geldigheid van aannames

Die aannames wat tydens die beplanning van die ondersoek gemaak is, is gebaseer op sekere basiese aannames in die Sociolinguistiek, soos kortliks gestel in Hoofstuk 1.

Die spesifieke aannames is almal in 'n mindere of meerdere mate deur die ondersoek as geldig bewys. Ter illustrasie die volgende:

- die aanname met Hoofstuk 2 dat daar doelbewus 'n strukture geskep is om 'n Duitse identiteit te bewaar; insgelyks is daar in dié hoofstuk aangetoon dat Duits nie 'n homogene taal is nie (die dialekagtergrond van die Gp, byvoorbeeld) en ook dat die landstale reeds 'n geruime tyd 'n rol in die Gp se lewens speel en 'n invloed op hul waardeordele het. Afdelings 6.2.2 en 6.2.3 bevestig die aanname

6.3 - die aanname in Hoofstuk 3 dat die drie kontaktale nie dieselfde kommunikasiefunksies in Pretoria vervul nie en dat die drie tale dus komplementêr tot mekaar optree, is as geldig bewys - vgl. afdeling 6.2.4

6.3.1 - die aanname in Hoofstuk 4 dat Afrikaans en Engels nie in alle domeine ewe sterk op die Gp se Duitse woordeskat sal inwerk nie, is as geldig bewys - vgl. afdeling 6.2.5

6.3.2 - die aanname in Hoofstuk 5 dat kontaktalige interferensies in alle linguistiese kategorieë van Duits sal voorkom, is as geldig bewys - vgl. afdeling 6.2.6.

6.3 Die basiese aanname oor die gehalte van Pretoria-Duits, soos gemeet aan die woordeskatgebruik van die Gp, word in afdeling 6.3 bespreek.

6.3 IMPLIKASIES VAN DIE RESULTATE

6.3.1 Algemene raamwerk

In hierdie afdeling word algemene afleidings oor die taalkundige resultate van die ondersoek gemaak voordat Pretoria-Duits geëvalueer word as 'n vorm van Standaardduits al dan nie. Daarna word verklarings vir variasie in Pretoria-Duits aangebied.

6.3.2 Afleidings oor die resultate met die LFB behaal

Uit sosiolinguistiese studies blyk dit dat taal as 'n groepskohesiemeganisme funksioneer en dat subtale informele sosiale netwerke help in stand hou.

Na aanleiding van die bevindinge wat met die LFB behaal is, kan daar bepaal word wat die merkers sal wees wat die ondersoekgroep se Duits linguisties tipeer.

Omdat die ondersoek tot die Gp se woordeskat beperk is, word slegs leksikale merkers aangebied, bv. modewoorde soos *shame*, *fabulous*, *with-it* en *vasbyt*; so ook *lecker*, *toll* en *OK*.

Die volgende implikasies van die invloed van Afrikaans en Engels op die Gp se Duitse woordeskat kan moontlik ook as linguistiese merkers dien: Afrikaans en Engels ens.)

- 'n toename in sinonieme (die Pretoria-Duitse woord *morsen* kan gebruik word om dieselfde betekenis te dra as die Standaardduitse woorde *vergeuden* of *verschwenden*)
- 'n toename in homonieme (*bellen* kan in Pretoria-Duits "telefoneer" beteken, terwyl dit in Standaardduits "blaf" beteken)
- 'n toename in die polisemantiese funksie van woorde: *lecker* se betekenis word verruim om uitdrukkings soos *herrlich*, *prima* en *ausgezeichnet* te vervang.

Wat grammatika betref, word voorsetsels òf foutief gebruik as gevolg van kontaktalige invloede òf dit word weggelaat.

'n Verdere voorbeeld van inherente sisteemvariasie in die Gp se Duits is die sporadiese weglating van die refleksief: *ich weigere mich*, ... word *ich weigere*, ... na aanleiding van Afrikaans *ek weier om* ... of Engels *I refuse to*

Die betekenis van Pretoria-Duitse leksikale items moet dikwels uit die konteks afgelei word (daar is dus dikwels eerder van situasionele betekenis as van leksikale betekenis sprake) omdat die spreker en die hoorder oor die betekenis

van 'n woord kan onderhandel en hulle verwysingsraamwerk soms ongeveer dieselfde kan wees (bv. kennis van plaaslike omstandighede; kennis van Afrikaans en Engels ens.).

'n Uitdrukking soos *die Freundin zum Essen ausnehmen* moet semanties anders geïnterpreteer word as dieselfde konstruksie in Standaardduits, en wel volgens die gebruik van die verskillende woorde of sinsdele in 'n Suid-Afrikaanse konteks. In hierdie geval is die Standaardduitse woord *begleiten* deur 'n Suid-Afrikaanse, substandaard variant *ausnehmen* verdring.

'n Belangrike implikasie van die invloed van die twee ampstale op die Gp se Duits is dus die verdringing van aanvaarbare Standaardduitse variante uit die Gp se aktiewe woorde-skat. Dit kan lei tot 'n 'Variantenarmut'. 'n Beperkte taalkode by die Gp kan hul linguistiese en kommunikatiewe vermoë in Duits benadeel.

'n Voersbare implikasie van hierdie sagnas is dat daar nie Praktiese gebruiksimplikasies van 'n moontlik beperkte kode by die Gp en hulle gesinne sluit in nie.

- 'n leerprobleme by kinders wat Standaardduits nie genoegsaam beheers nie, wat woordeskate as maatstaf betref, is die algemeen as 'n vorm van Standaardduits beskou word.

- gebrekkige kommunikasie met persone en instansies in Europa wat Standaardduitse variante gebruik, en nie Pretoria-variante ken nie
- begripsprobleme ten opsigte van bv. wetenskaplike tekste of voordragte in Standaardduits.

6.3.3 Evaluering van die onderzoekgroep se Duits

Die basiese aanname met die onderzoek was dat die Gp se Duits, ten spyte van langdurige en dikwels intensiewe kontak met veral die twee ampstale en die gevolglike linguistiese onsekerheid by die sprekers daarvan, steeds in die geheel gesien as 'n vorm van Standaardduits beskou kan word.

Die vernaamste kriterium wat vir hierdie werkshipotese gebruik word, is die woordeskat element van Duits.

'n Toetsbare implikasie van hierdie aanname is dat daar nie 'n te groot getal interferensies en ook nie van 'n te ernstige aard by die Gp sal voorkom nie.

Om kwalitatiewe en kwantitatiewe redes kan die onderzoekgroep se Duits nog, wat woordeskat as maatstaf betref, in die algemeen as 'n vorm van Standaardduits beskou word.

1. Vgl. N. Schmidt-Ihms, 1977, p.12-13 se uitsprake oor die heterogene aard van Duits.

6.3.4 Enkele verklarings vir variasie in die Pretoria-Duits van die ondersoekgroep

Die basiese aanname is dus met die ondersoek as geldig bewys; vgl. afdeling 5.5.5 vir kwalitatiewe en kwantitatiewe argumente.

Met hierdie ondersoek is enkele sosiale kragte of sosiolin-
guïstiese determinante geïdentifiseer wat kan dien om
Die grootste enkele faktor wat die Duits van die onder-
soekgroep beïnvloed, is die oornome van woordmateriaal uit
die twee amptelike tale.

'n Belangrike rede vir die ontlenings uit dié twee landstale
is die lede van die ondersoekgroep se poging om daarmee
nader aan die sprekers van dié twee landstale te beweeg.
Pretoria-Duits, soos by die Gp opgeteken, kan dus as 'n
koine-taal beskou word waarin Standaardduits die basistaal
is met leksikale toevoegings uit veral Afrikaans en Engels.

Hoewel Pretoria-Duits dus 'n besondere vorm van Stan-
daardduits is, impliseer die begrip 'Duits' in elk geval 'n
verskeidenheid subtale en variasieoontlikhede om telkens
aan 'n verskeidenheid sprekers se kommunikasiebehoefte te
voldoen.¹

1. Vgl. M. Schmidt-Ihms. 1977. p.12-13 se uitsprake oor
die heterogene aard van Duits.

6.3.4 Enkele verklarings vir variasie in die Pretoria-Duits van die onderzoekgroep

Met hierdie ondersoek is enkele sosiale kragte of sosiolinguistiese determinante geïdentifiseer wat kan dien om variasie in die Gp se Duits te verklaar. Daar sal dus gepoog word om 'n kousale verband tussen sosiale faktore (as oorsake) en bepaalde taalverskynsels (as gevolge) te lê.

Op die houdingsvlak het die Gp aangedui dat hulle in die algemeen redelik positief ingestel is jeens die twee ampstale, baie waarde heg aan veral Engels as kultuurtaal, min weerstand bied as andere hulle Duits onsuiver praat en bevestig het dat hul Duits soms met elemente van die twee ampstale vermeng word. Hierdie uitsprake vind neerslag in die ontlenings wat in Hoofstuk 4 en die hele spektrum interferensies wat in Hoofstuk 5 aangebied is.

Wat die Gp se taalkeuses en taalvoorkeure in verskillende sfere van die samelewing betref, het die dominansie van die twee ampstale in bv. tersiêre onderwys, beroepsbeoefening en die rol van die massamedia tydens vryetydsbesteding gelei tot onder andere die gebruik van veral Engelse woorde - vgl. Hoofstuk 4.

2. Vgl. U. Weinreich. 1974. p.95.

Die huidige kennisontplooffing in die wetenskap en die tegnologie asook die invoer van "nuwe" tegnologie soos televisie en rekenaars het gelei tot die gebruik van veral vreemde woorde en leenvertalings om dié begrippe te benoem - dikwels omdat die Duitse ekwivalente nie beskikbaar of aan die Gp bekend was nie.

In terme van die sosiale organisasie waarbinne die Gp leef, het opwaartse sosiale mobiliteit (en die gevolglik sosiale onsekerheid) waarskynlik 'n invloed op die ontstaan van hiperkorreksies in Duits en op die gebruik van veral vreemde woorde wat sosiale prestige uitdruk (vgl. Hoofstuk 4 in dié verband).

Groepdruk en die aanvaarding deur ander Pretoria-Duitsers in informele sosiale netwerke bevorder die gebruik van nie-standaard Duitse uitdrukkings deur die Gp omdat interferensies dien as merkers van groepstaal wat weer groepskohesie bevorder.

Die beperkte funksies van Duits in Pretoria en die uitsprake van sommige Gp dat Duits in die toekoms nie 'n belangrike kommunikasiefunksie in Pretoria sal vervul nie, hou waarskynlik verband met die wye reeks interferensies wat by die Gp opgeteken is. U. Weinreich² noem dat dit belangrik

2. Vgl. U. Weinreich. 1974. p.95. in Pretoria toegepas word.

is om die korrelasie tussen *obsolescence* en *interference* te bepaal wanneer tale in kontak met mekaar bestudeer word. So 'n korrelasie is met die onderhawige studie nie statisties bepaal nie.

6.4 PRETORIA-DUIITS IN BREËR PERSPEKTIEF

6.4.1 Algemeen

Vir die doeleindes van 'n perspektiefstelling in hierdie afdeling word die ondersoekgroep se *umgangssprachliches Siedlerdeutsch* gelykgestel aan Pretoria-Duits.

Eerstens word enkele opmerkings oor taalverandering en taalverskuiwing met betrekking tot Pretoria-Duits en dan met betrekking tot Duits in Suid-Afrika gemaak.

Tweedens word daar kortliks na die verandering van Duits buite Suid-Afrika verwys en laastens word daar na universele kenmerke van taalverandering verwys, en spesifiek hoe Duits dalk in die toekoms sal verander.

6.4.2 Duits in Suid-Afrika

As 'n basiese aanname vir hierdie ondersoek, naamlik dat taal 'n refleksie is van sosiale strukture en prosesse, op die ondersoekgroep se situasie in Pretoria toegepas word,

kan dit beteken dat sosiale verandering in Pretoria weerspieël sou word deur taalverandering, spesifiek dan in die Duits wat in Pretoria gepraat word.

Ten minste die volgende twee faktore is nodig vir sosiale verandering, naamlik

- 'n ekonomiese noodsaak

- 'n nuwe waardesisteem.

Die ekonomiese noodsaak is reeds in 'n mate aangespreek met die beskrywing van die Gp se kontak met Afrikaans en Engels tydens hul beroepsbeoefening en in die handel en die nywerheid (vgl. die resultate van Hoofstuk 3).

'n Nuwe waardesisteem behels nie net veranderde houdings teenoor ander bevolkingsgroepe en die herevaluering van die eie spraakgemeenskap se rol in 'n breër sosiale konteks nie, maar ook 'n herdefiniëring van die taalvariëteit wat as moedertaal gebruik word.

'n Uitspraak by sommige respondente dat hulle nie 'n negatiewe waarde of 'n stigma aan Pretoria-Duits heg nie, is reeds 'n aanduiding dat hierdie segsmanne die akkulturasieproses in Suid-Afrika aanvaar, en dat sosiale verandering gereflekteer word in taalverandering.

Die interferensieklasifikasie in Hoofstuk 5 bied reeds 'n beeld van die tipes kategorieë waarbinne Duits in Pretoria verander.

Volgens J.T. Platt en H.K. Platt³ kom gestabiliseerde interferensie tydens newegeskikte meertaligheid voor - 'n situasie waar daar reeds ver gevorder is in die rigting van taalverskuiwing.

Ten opsigte van taalverandering is Pretoria-Duits nie uniek nie : oral in Suid-Afrika word Duits deur Afrikaans en Engels beïnvloed. Die resultaat hiervan dui op gemeenskaplike merkers van sosiale kragte wat oral in Suid-Afrika aan die werk is.

In dié verband dui die tipes ontlenings en ander interferensies wat opgeteken is in Suidwes-Afrika/Namibië,⁴ in Natal⁵ en in Kroondal⁶ op sosiale kragte wat reeds 'n invloed op Duits het.

3. Vgl. J.T. Platt en H.K. Platt. 1975. *The social significance of speech*. Amsterdam-Oxford: North-Holland Publishing Company. p.96.

4. Vgl. H. Nöckler. 1963.

5. Vgl. H. Stielau. 1967.

6. Vgl. R. Grüner. 1980.

H. Stielau⁷ se ondersoek oor Duits in Natal toon dat 'n nuwe soort Duits in Suid-Afrika aan die ontwikkel is (ten spyte van 'n bewuste kennis van die taalnorm) en dat die prosesse wat vir hierdie variasie verantwoordelik is nie gekeer kan word nie.

By implikasie sou dit moontlik wees om van 'n **südafrikanisches Siedlerdeutsch** te praat.

6.4.3 Duits buite Suid-Afrika

In alle lande waar Duits nie 'n dominerende taal is nie, beperkte funksies in die betrokke spraakgemeenskap vervul en ook nie altyd hoë status geniet nie, bestaan die moontlikheid dat die tale van die betrokke gasheerlande Duits sal beïnvloed.

U. Weinreich⁸ wys daarop dat tale soos Duits en Pools in Amerika groot hoeveelhede Engelse woorde geabsorbeer het, dit na behoefte fonies en grammaties aangepas het, maar nog steeds as afsonderlike tale bly voortbestaan.

9. Vgl. W. Clyne, 1972

10. Vgl. R. J. Watts, 1988, Language, dialect and nation in Switzerland, in: R. J. Watts (Ed.)

7. Vgl. H. Stielau, 1980, *Nataler Deutsch*. Wiesbaden: Franz Steiner Verlag GmbH. p.240-241.

8. Vgl. U. Weinreich, 1974. p.62.

M. Clyne⁹ het Duitssprekendes se kontak met ander tale in 'n veeltalige Australië ondersoek. Soos in die VSA oefen veral Engels 'n sterk invloed op Duits uit.

Die gebruik van Duits in Europa word ook deur sosiale en ander faktore beïnvloed.

Die gebalanseerde diglossie-situasie in Switserland is die afgelope tyd versteur deur die merkbare uitbreiding in die gebruik van dialekte, selfs in die parlement, in die massamedia en in die opvoeding. Hierdie toename van Switserse Duitse dialekte se funksies vind plaas ten koste van Standaardduits.¹⁰

Die verskil tussen die Switserse dialekte en Standaardduits is, volgens alle vlakke van linguistiese beskrywing, aansienlik. Die Switsers is weldeeglik van die verskille bewus, en beskou Standaardduits dikwels as 'n vreemde taal.¹¹ Hierdie houding is waarskynlik op faktore soos 'n gesonde Switserse ekonomie en toenemende selfvertroue onder die Switsers gegrond.

9. Vgl. M. Clyne. 1972.

10. Vgl. R.J. Watts. 1988. Language, dialect and national identity in Switzerland, in: R.J. Watts (Ed.). *Multilingua*. Vol. 7-3. (1988). Berlin, New York: Mouton De Gruyter. p.317.

11. Vgl. R.J. Watts. 1988. p.327.

Sosio-ekonomiese, politiese en ander faktore het ook in Oostenryk 'n invloed op die gebruik van Duits.

Hoewel die 35ste (1979) uitgawe van die Oesterreichisches Wörterbuch (OWB) in die Kreisky-era doelbewus 'n Oostenrykse nasionale identiteit gekodifiseer het deur Oostenrykse taalgebruik te aksentueer, het die verskille met die 36ste uitgawe (1985) nie heeltemal verdwyn nie.

Die OWB van 1985 volg 'n meer konserwatiewe benadering en in 'n groot mate die besluite in DUDEN, maar gaan tog voort om Oostenrykse Standaardduitse vorme ongemerk op te neem, en om kenmerkend Duitse Standaardduitse vorme met 'n asterisk te merk.¹²

6.4.4 Enkele opmerkings oor universele kenmerke van taalverandering

In Hoofstuk 1 is daar reeds genoem dat Duitssprekendes in Pretoria nie op 'n taaleiland en geïsoleer van andertaliges woon nie. Die Pretoria-Duitsers is egter ook nie van ander sprekers van Standaardduits geïsoleer nie.

13. Vgl. J. Maher, 1984. Sociolinguistic factors in the direction of language change, in: *Language Problems and Language Planning*. Vol. 6, No 2. p.282-285.

12. Vgl. M. Clyne. 1988. A Tendenzwende in the codification of Austrian German, in: R.J. Watts (Ed.). *Multilingua*. Vol. 7-3. 1988. Berlin, New York: Mouton De Gruyter. p.339.

J. Maher¹³ beweer dat tale wat in isolasie (dus weg van die Standaardtaal) funksioneer en deur sosiaal dominante tale omring word, gemeenskaplike kenmerke in verandering toon en dat die rigting van taalverandering nie toevallig is nie.

Daar is dus heelwat ooreenkomste in taalverandering - bv. ten opsigte van taalvereenvoudiging wat onder andere eenvormige vorme van werkwoorde kan meebring. (Nuwe werkwoorde sal bv. meesal swak verwoeg word.) Duits in Iowa toon 'n uitskakeling van die tradisionele tye by werkwoorde en die gebruik van morfo-sintaktiese substitusies om aspek uit te druk.¹⁴

Volgens J. Aitchison¹⁵ word taal geleidelik meer doeltreffend deur die weglating van 'n sisteem van suffikse wat gekompliseerd is; daar vind 'n stroombelyning en sofistisering plaas om taal by die eise van die tyd aan te pas.

J. Aitchison¹⁶ onderskei ruweg twee kategorieë redes vir taalverandering:

13. Vgl. J. Maher. 1984. Sociolinguistic factors in the direction of language change, in: *Language Problems and Language Planning*. Vol. 8, No 3. p.282-283.

14. Vgl. J. Maher. 1984. p.289.

15. Vgl. J. Aitchison. 1981. p.19.

16. Vgl. J. Aitchison. 1981. p.113.

a. eksterne sosiolinguistiese faktore, dus ook
andere kulturele faktore buite die taalsisteem
soos aan tale-interferensie.

b. interne psigolinguistiese faktore, dit wil sê
sielkundige en taalkundige faktore wat in die
gedagtes van die sprekers en ook in die struktuur
van die taal self geleë is.

Die afleiding kan gemaak word dat die eksterne sosiolinguistiese faktore 'n proses slegs verhaas wat reeds in die taalsisteem self dormant is en wat die potensiaal het om op die een of ander tyd plaas te vind. 'n Tendens wat in die taalsisteem bestaan, word deur buitefaktore geaktiveer. By implikasie aanvaar 'n taal vreemde elemente slegs wanneer die betrokke taal gereed is om dit te aanvaar.¹⁷

Spesifiek wat die Germaanse tale betref, beweer A.G. Jenkinson¹⁸ dat dié tale struktuurvormlik van sintetiese na analitiese tale beweeg, met die VSO-tipologie na 'n uiteindelijke SVO-tipologie.

17. Vgl. J. Aitchison. 1981. p.119.

18. Vgl. A.G. Jenkinson. 1984. Aspekte van Taalverskeidenheid: Taaltekenvariasie en Taalreëlvariasie, in: *SA Journal of Linguistics*. Linguistic Society of Southern Africa. Vol. 2, No 3 July 1984. p.85.

Die struktuurvormlike veranderinge word toegeskryf aan onder andere klankwette, analogiewerking en reëlveralgemening asook aan tale-interferensie.

In aansluiting by A.G. Jenkinson meen J. Aitchison¹⁹ dat Duits hom in 'n proses van sintaktiese verandering bevind:

"It is possible - though not definite - that German is in a state of transition, and will eventually end up, like most other European languages, with objects consistently placed after the verb."

6.5 ALGEMENE OPMERKINGS OOR DIE TOEKOMS VAN DUIITS IN PRETORIA

6.5.1 Terugskouing

Die bevindinge met die ondersoek het aangetoon dat Duits 'n minderheidstaal in Pretoria is (slegs sowat 0,7% van die blanke bevolking van Pretoria is volgens die 1980 sensus Duitssprekend) en dat dit deur sosiaal dominante tale omring is.

19. Vgl. J. Aitchison. 1981. p.167.

Duits se kommunikasiefunksies is ook hoofsaaklik beperk tot domeine soos die gesin en vriende, die skool en kerklike aktiwiteite, terwyl dit in terme van die diglossie-beginsel merendeels die laer kommunikasiefunksies in die ondersoekgroep se sosiale transaksies vervul.

Die invloede van kontaktale soos Afrikaans en Engels, die gevolglike taalkeuses wat gemaak word om bepaalde doelwitte te bereik asook die invloed van die massamedia bring mee dat Duits op alle vlakke beïnvloed word : afgesien van die opname van ontlenings soos vreemde woorde word ook die Duitse taalsisteem beïnvloed en word die Duitse idioom aangetas.

Ingrypende interferensies uit die kontaktale kan mettertyd veroorsaak dat Duits tot 'n substandaardtaal ontwikkel. Die invloede van die kontaktale kan dus nie net veroorsaak dat Duits 'n beperkte lek word nie, maar ook dat dit 'n beperkte kode word. In vergelyking met Standaardduits is daar reeds in Pretoria-Duits waarneembare tekens van taalverandering.

Die tipe meertaligheid wat hoofsaaklik by die ondersoekgroep aangetref word, naamlik gekoördineerde of newegesikte meertaligheid, is 'n aanduiding van 'n taalsituasie wat gevorder het in die rigting van taalverskuiwing.

As die ondersoekgroep se Duits gelykgestel kan word aan Pretoria-Duits, kan daar gevra word wat die toekoms van Duits in Pretoria (en Suid-Afrika) sal wees, en hoe die Duitse taal en kultuur gehandhaaf en ook uitgebou kan word.

6.5.2 Enkele gedagtes oor taalbeplanning ten opsigte van van Pretoria-Duits

As daar doelbewus pogings aangewend sou word om 'n strategie te beplan vir die handhawing van Duits, sal die taalbeplanner vanselfsprekend volledige en resente inligting oor die taalsituasie hier te lande moet hê. Dit sluit in:

- wat is die houdings, vooroordele en stereotipes met betrekking tot die betrokke tale
- wat is die status van die betrokke tale, en daarmee gebore, wat is die funksies van die tale
- hoedanig is die taalloyaliteite van die betrokke spraakgemeenskap, en hoe beleef hulle hul kultuur in 'n land ver van die oorspronklike stamland

- wat is die rol van taal in 'n veranderende, ontwikkelende gemeenskap. Gemeenskappe wat opwaarts beweeg, is dikwels polities-maatskaplik onstabiel. Hierdie onstabiliteit kan in taalhoudings en taalgedrag weerspieël word.

Indien daar in Europa inisiatiewe geneem word om Duits in oorsese gebiede (soos in Suid-Afrika) te handhaaf en te bevorder, sal daar nie net na aspekte soos die taalhoudings van die betrokke Duitse spraakgemeenskap gekyk moet word nie, maar ook na hul gewilligheid om eksterne taalregulering te aanvaar (daar sal dus deeglik met die sosiale kragte en ander veranderlikes in die betrokke gemeenskap rekening gehou moet word).

Met so 'n taal- en kultuurbevorderingsaksie sal daar ook met die 'gasheerland' se eie taal- en kultuurbeleid rekening gehou moet word.

6.5.3 Optrede deur Pretoria-Duitsers self

As die Pretoria-Duitsers daarin sal belangstel om hul taal en kultuur te handhaaf, sal hulle doelbewuste pogings moet aanwend om dié doelwit te bereik.

Dit spreek vanself dat die rol van Duitse skole, kerke, verenigings en die Duitssprekende families belangriker sal word om Duits te handhaaf, Standaardduitse norme in taalgebruik toe te pas en, saam met instansies in Europa, Duits te moderniseer.

Wat leksikale modernisering betref, sal veral die Duitse woordeskat op tegnologiese en wetenskaplike terreine vinnig en wyd onder die plaaslike gemeenskap versprei moet word.

Nie net moderne en gesaghebbende (vak)woordeboeke nie, maar ook resente vakliteratuur sal bv. uit Europa beskikbaar gestel kan word.

Met betrekking tot taalpurisme en taalstandaardisering, sal norme vir die gebruik van Standaardduits nog altyd in Europa (en soos in DUDEN uiteengesit) bepaal word, maar dié norme en taalgebruiksreëls sal plaaslike omstandighede en die unieke kommunikasiebehoefte van die Pretoria-Duitser in ag moet neem.

'n Belangrike hulpmiddel by die bepaling van taalgebruiksnorme is die kontrastiewe ontleding van die betrokke kontaktaalsisteme asook van die data wat met interferensiestudies versamel is.

In al hierdie aktiwiteite kan kerk en skool 'n belangrike rol speel. Dit volg dat daar 'n behoefte is aan meer onderwysers en geestelike leiers wat uit Europa gestuur kan word om by die handhawing van Duits betrokke te wees.

Duitssprekendes sal ook hul kontak met Duitssprekendes in Europa moet behou en selfs uitbou. H.J. Becker²⁰ sluit hierby aan as hy sê:

"Denn nur in einem sorgfältig gepflegten, lebendigen kulturellen Austausch mit Deutschland, in einem nie abreisenden Sprechkontakt mit Deutschland liegt die Chance, deutsches Sprachverhalten in Afrika nachhaltig zu sichern."

2. Abhandlungen und Artikel

Aitchison, J. 1981. *Language Change: Progress or Decay?* Bungay, Suffolk: Fontana Paperbacks.

20. H.J. Becker. 1986. p.69.